RIGLYNE EN DOELWITTE VIR DIE 2011-PROGRAM

Inleiding : die doel van hierdie oorsig

Die Absa KKNK verwelkom 'n wye reeks voorstelle van kunstenaars, regisseurs en ander kulturele praktisyns vir die samestelling van die jaarlikse program. In beginsel is daar nie beperkings op watter voorstelle oorweeg sal word nie en as 'n soort voorstel nog nie vantevore by die Absa KKNK ontgin is nie, of wanneer dit nie gemaklik inpas by die verskillende genres wat reeds bestaan nie, sal die meriete van die voorstel voorkeur geniet bo ons administratiewe kategorieë. In die praktyk beteken dit dat ons die aanbevelings van die evaluering-spanne probeer belyn met ons begroting, venues, profiel van ons gehore en strategiese doelwitte. Laasgenoemde word ietwat anders toegepas op die verskillende genres waaruit ons program bestaan.

Die doel van hierdie dokument is om aan jou bystand te verleen indien jy dit oorweeg om werk aan ons voor te lê, sodat ons gemeenskaplike belange kan identifiseer. Ons beklemtoon dat hierdie riglyne oop is vir bespreking en dat die doel hiervan juis is om kreatiwiteit aan te moedig eerder as te beperk. As jy voel dat jy voorstelle en idees het wat kan bydra tot die waarde van ons program, hoor ons graag van jou.

Missie, profiel en doelwitte

Die Absa KKNK streef daarna om 'n toonaangewende, toegewyde Suid-Afrikaanse wegbreek, kunstefees te wees wat vernuwende voorstelle waardeer, en inklusief Afrikaans praat.

- Vir 16 jaar al voorsien ons 'n model vir die formaat en die inhoud van programme wat landwyd by die netwerk van hoofsaaklik Afrikaanse feeste gebruik word.
- Ons speel 'n belangrike rol in die ondersteuning van die produksie en/of voorsien 'n geleentheid vir nuwe werk, veral in teater, populêre musiek en visuele kunste.
- Met die pragtige omgewing rondom Oudtshoorn, bly besoekers dikwels langer aan om hul kunste-ervaring te kombineer met 'n vakansie.
- Ons bly daartoe verbind om 'n nie-rassige, inklusiewe begrip van Afrikaans as 'n dinamiese bate in 'n demokratiese Suid-Afrika te bevorder.

In die samestelling van ons program vir 2011, is dit steeds ons doel om produksies te ondersteun, en om 'n verskeidenheid nuwe werk van goeie gehalte aan te bied, ook in samewerking met ander feeste, teaters, borge en organisasies elders, om sodoende die impak van die program te vergroot en om ons bydrae tot die nasionale

kunstebedryf te maak. Met die toename in die aantal Afrikaanssprekende feeste, waarvan verskeie in spesifieke genres spesialiseer, het ons program oor die afgelope jare meer gefokus geword. In die mediumtermyn is ons fokus op die kwaliteit en inklusiwiteit van ons program, eerder as die totale omvang daarvan en sal ons ons sukses meet aan ons unieke Klein Karoo karakter en ons nasionale impak.

Ons is veral geïnteresseerd in voorstelle wat ons kan help om die volgende mediumtermyn strategiese doelwitte te bereik:

1. Om die natuurlike en kulturele landskap van die Klein Karoo en Oudtshoorn self as skilderdoek vir kreatiwiteit te gebruik. Die Karoo is 'n inspirerende landskap in die Suid-Afrikaanse literêre en artistieke verbeelding en ons moedig kunstenaars aan om plek-spesifieke werk te skep wat inskakel by die unieke geskiedenis en landskappe van ons streek. Die bekendstelling van ons “Oudtshoorn Oraloor” program van plek-spesifieke teater, musiek en landskapskuns tydens die 2009-fees met die ondersteuning en samewerking van die Oerol Fees in Nederland, asook in 2010 met werke soos *Betésda*, *Taraboemdery* en *Grond* is baie goed ontvang en ons sal hierdie aspek van ons program verder uitbou in 2011.

2. Om vol te hou om vlagskipproduksies in teater, musiek, uitstallings en verwante genres te ondersteun, en in die geval van ko-produksies, oral in die land en internasionaal by ander teaters, feeste, galerye, ens. aan te bied.

3. Om ons amptelike kunsteprogram met die feestelikheid waarvoor ons kunstefees bekend is, op straat, in tente, binne die Rivierbuurt en ander openbare plekke, te integreer. Ons dink daaraan om meer straatteater te programmeer en om op innoverende wyse aspekte van ons kunsteprogram meer sigbaar op straat te maak.

4. Om voortdurend ons kunste-aanbod te verbreed om sodat die volle omvang van die Afrikaanse belewing aan moedertaalsprekers en 2de en 3de taal sprekers gebied kan word. Ons stel dus belang in voorstelle en werke met temas wat die diversiteit van Afrikaans uitbeeld, bv. in streek en sosiale verband, en ook in dié wat die invloed van Afrikaans in die breër Suid-Afrikaanse kultuur uitbeeld.

5. Om projekte te ondersteun wat gehoorontwikkeling en die oordrag van vaardighede tot gevolg het. Die koestering van jonger konsertgangers uit verskillende agtergronde is prioriteit. Ons verwelkom ook voorstelle vir die aanbied van innoverende werkswinkels, meesterklasse en ander geleenthede vir plaaslike en besoekende ontluikende kunstenaars wat onder die vaandel van ons Klein Karoo Kunste Akademie aangebied kan word. Die suksesvolle bekendstelling van ons skoleprogram vir leerders in Graad 10 en 11 vanjaar (**klap!**) sal ook in 2011 uitgebou word.

6. Om geleenthede vir 'n groter groep artistieke besluitnemers by ons fees te skep om tekste te skryf en aan te bied. Dit sluit die posisionering van ons hoofsaaklik Afrikaanssprekende gehoor as 'n ondersteuningsbasis vir 'n keur uit die Suid-Afrikaanse kunste.

Oorsig oor die program m.b.t. verskillende genres

TONEEL

Afrikaanse komedie en drama maak steeds die grootste deel van ons program uit. Ons gehore verwag van ons 'n bepaalde verskeidenheid van teateraanbiedings wat intiem en op groter verhoë aangebied word, sowel as klassieke en nuwe werke deur die land se belangrikste dramaturge. Gegewe die toename in feeste, sien ons vir onsself 'n rol as 'n vennoot wat ko-produksies met ander feeste en teaters aanpak, veral om die gehore vir groter produksies uit te brei en om hulpbronne saam te gooi om pre-produksiekoste te dek. Ons verwelkom dus voorstelle van produksiehuise vir vennootskappe wat innoverende en substantiewe nuwe produksies moontlik sal maak.

Daar is 'n klein nismark vir Engelssprekende gehore, en ons doelwit is om hierdie segment uit te brei. Alhoewel hulle tweetalig is, is het hulle tog 'n belang by Afrikaanse produksies. Ons wil graag dieselfde doen om die kommunikasie tussen Afrikaans en Xhosa te bevorder. Nuwe idees om vertaalde werk, nie noodwendig net uit Engels nie, by die fees aan te bied, sal verwelkom word.

Gehoorontwikkeling is 'n belangrike doelwit op die medium termyn en verskeie nisse waarmee ons die jonger gehore wil aanspreek, kon reeds geïdentifiseer word. Alhoewel ons aanbod van kinderteater reeds goed gevestig is, wil ons graag verder as die kanon van Westerse sprokies kyk, en eerder produksies aanbied in 'n egte Suid-Afrikaanse idioom. Ons wil ook graag die belange van sg. “tweens” aanspreek. Hierdie groep het hul kinderskoene ontgroei, maar val nog nie heeltemal in die tienergroep nie. Oor die laaste paar jaar het ons prioriteit gegee aan snykant teateraanbiedings vir tieners, in tandem met werkswinkels en professionele uitruilsessies onder die vaandel van ons Kunste Akademie en Klap!.

MUSIEK

Wat musiek - die tweede belangrike been van ons program - betref, bied ons 'n verskeidenheid genres soos kontemporêre musiek, musiekteater, kabaret en klassieke musiek aan. Ons sou graag wou sien dat die verskeidenheid in die musiek wat tydens die fees gehoor word die volle register van Afrikaanse musiek weergee. En dat meer akoestiese musiek en musikale vakmanskap (teenoor “backtracks,” wat natuurlik in eie reg ook as ‘n skeppende medium ontgin kan word) gehoor sal word. Afrikaanse rockmusiek het 'n sterk geskiedenis by ons fees en sal in 2011 uitgebrei word. “Roots” musiek uit die Karoo en die verhouding waarin dit staan met boeremusiek, langarm, rieldansmusiek, koperblaasorkeste en koortjies is 'n ontluikende nis in ons program. Soos met ander aspekte van ons program, is 'n hoë kwaliteit in optrede by ons kontemporêre musiekprogram, ook vir ons belangrik.

Met die hersiening van die uitleg en werking van die feesdistrik en sy musiekverhoë, kon ons by 2010 se fees nuwe platforms skep vir kunstenaars wat nie direk in die programme van die borge van die verskeie promosieverhoë (Huisgenoot, RSG, Die Burger en die Absa Wynsaal) ingesluit is nie. Hier beoog ons om ’n belegging in die breër Afrikaanse musiek-klankbaan te maak deur kunstenaars en genres wat nie reeds by die musiekaanbod ingesluit is nie, wel geskikte geleenthede te bied. Daar is ook met die samestellers van die geborgde verhoë geskakel om hulle doelstellings en kunstenaarlyste beter te koördineer. Dié proses sal vanjaar voortgesit word.

Ons program vir klassieke musiek bevat hoofsaaklik kamer- en koraalmusiek. Ons verwelkom voorstelle om binne ons begroting, dit moontlik te maak om groter ensembles aan te bied (die koste van verblyf is gewoonlik die bepalende oorweging). Gegewe die taal en literêre belangstelling van 'n gedeelte van ons feesgehoor, het die lieder-repertoire in Afrikaans heelwat aandag gekry in ons program. Alhoewel ons nog nie 'n beduidende gehoor het vir nuwe musiek nie, wil ons graag in staat wees om 'n program saam te stel wat ook werk van moderne Suid-Afrikaanse komponiste insluit.

DANS

Dans het tot dusvêr relatiewe klein gehore by ons fees geniet, maar ons kyk na verskeie maniere om ons program en gehore te ontwikkel. Van die suksesvolste produksies tot dusver het dans met ander genres geïnkorporeer. Gegewe die feit dat dans deur 'n verskeidenheid van gehore van verskillende ouderdomme en kulture geniet word, wil ons graag 'n nis vir dans ontwikkel, wat nie net tot besoekers spreek nie, maar ook tot plaaslike gehore. Ons verwelkom voorstelle om dans in ons program te bevorder.

STRAATTEATER EN ERFENIS-AANBIEDINGE

Hierdie genres toon groeipotensiaal en ons verwelkom voorstelle wat ons sal help om die kunste op 'n toeganklike manier na die strate te neem en sodoende die gaping na die professionele tongval in die kunste te oorbrug, deur bv. die kritiese en kreatiewe vermoë van optredes en visuele kuns om betrokke te raak in konsepte van erfenis en identiteit, te ondersoek. Ons verwelkom insette om hierdie deel van ons program te ontwikkel. Die gratis aanbieding van *Storiesambreel* in 2010 was 'n voorbeeld van so 'n sukses.

WOORDKUNS

Aanbiedings in hierdie genre het oor die jare gewissel tussen intieme optredes waarin skrywers uittreksels uit hul werk voorlees, tot behoorlike teaterproduksies waar die geskrewe materiaal aangepas is vir die verhoog. As genre het dit 'n spesialisrigting vir sommige feeste geword. Ons verwelkom voorstelle wat op 'n kreatiewe manier omgaan met literêre werk, maar gegewe dat ons programkeuses eerder na teater of musiek neig, is dieselfde produksiewaardes wat ons op professionele teater plaas, ook hier van toepassing.

GESPREKKE

Verskeie gesprekke oor die politiek van die dag, asook oor aspekte van ons kunsteprogram en ‘n keur uit pas-vrygestelde boeke word gedurende die fees aangebied. Ons doel is om kritiese diskoers en debat aan te moedig om so die gaping tussen die kritiese en die algemene denke te oorbrug. Voorstelle vir onderwerpe en sprekers word verwelkom, veral waar hierdie onderwerpe op die spesifieke karakter, doelwitte en samestelling van ons program betrekking het of oor nasionale kwessies rondom die kunste.

As jy graag met ons programbestuurder, Kobus Burger, oor hierdie riglyne of spesifieke programvoorstelle en -idees wil gesels, is jy welkom om aan hom te skryf by kburger@kknk.co.za of hom te bel by 082 950 7327.

Vriendelike groete

Brett Pyper

HOOF UITVOERENDE BEAMPTE